# ALEXANDER McCORKINDALE EN SY SKEMAS, 1864—1866*

Alexander McCorkindale, 'n Skot van herkoms maar sedert 1864 'n Transvaalse burger, het meer gedoen as enige tydgenoot om sy aangenome vaderland ekonomies tot ontwikkeling te bring. Miskien was hy in baie opsigte onrealisties in sy benaderingswyse, miskien was hy te veel van 'n idealis wat nie voldoende met die werklikheid rekening gehou het nie, miskien was hy in bepaalde opsigte gewoonweg net dom. Miskien kan hy ook nog van baie ander swakhede beskuldig word, maar dat by hom 'n gebrek aan ondernemingsgees bestaan het, daarvan sal niemand hom ooit kan beskuldig nie. Vandat hy in 1864 sy eerste verskyning in Transvaal gemaak het tot met sy dood op 1 Mei 1871 op die eiland Inyaka, was hy altyd rusteloos aan die gang en het hy met groot vindingrykheid die een skema na die ander uitgedink.

Hy het op 23 Desember 1816 die eerste lewenslig in Glasgow aanskou en is op 20 September 1851 met Mary Ann Dingley van Birmingham getroud.[1] Van sy jeugjare is min bekend, maar blykbaar het van jongs af by hom die ideaal bestaan om hom in Suid-Afrika, maar verkieslik in Natal, te vestig. Omdat die Britse regering graag die moontlikhede wat hierdie jong kolonie, meer bepaaldelik met betrekking tot die verbouing van katoen, volledig wou eksploiteer, is besonder gunstige voorwaardes aan voornemende koloniste gebied. Hiermee was McCorkindale egter nie tevrede nie sodat hy vroeg in 1851 'n poging aangewend het om grond in Natal onder spesiale voorwaardes te kry. Reeds hierin leer ons iets van sy karakter ken. Op hierdie stadium was hy nog 'n jong en onbekende persoon en het daar geen rede bestaan waarom die Koloniale Kantoor hom vir eksklusiewe behandeling sou uitsonder nie. Daarvan moes hy self ook bewus gewees het, maar nogtans het hy probeer en soos verwag kon word, 'n ongunstige antwoord ontvang.[2]

Met 'n negatiewe antwoord was McCorkindale nie tevrede nie en daarom het hy ongeveer 'n jaar later — hierdie keer blykbaar met gebruikmaking van 'n agent — sy aansoek vir voorkeurbehandeling herhaal. Die Koloniale Kantoor het egter voet by stuk gehou en alhoewel alles moontlik gedoen sou word om die aanplant van katoen in Natal te bevorder, was daar algemene regulasies waaraan voldoen moes word en geen afwyking daarvan sou toegelaat word nie.[3]

McCorkindale het daarna berus en besluit om onder die gebruiklike voorwaardes na Suid-Afrika te verhuis. Hy was egter nie bereid om as 'n gewone kolonis na Natal te vertrek nie en het hom daarom aan die hoof gestel van 'n klein emigrasie-groep. Maar ook in verband hiermee

* Die navorsing waarop hierdie artikel berus, is o.a. moontlik gemaak deur 'n toekenning van die *Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.*

1. H. R. v.d. Walt: *Alexander McCorkindale, S.A. Biografiese Woordeboek,* Deel I, p. 507.
2. C.O. 49/46: Merrivale aan A. McCorkindale, d.d. 21 Maart 1851 (Afskrif).
3. C.O. 405/2: Merrivale aan Thos. Ragley, d.d. 30 April 1852 (Afskrif).

het hy nuwe en vir die Koloniale Kantoor, onaanneemlike eise gestel. In 1855 versoek hy om 20,000 akkers grond in Natal toegeken te word en toegelaat te word om vir net 5,000 akkers kontant te betaal in die verwagting dat hy spoedig daarna in 'n posisie sou wees om ook vir die ander 15,000 akkers te betaal. Ook vra hy vergunning om af te wyk van die normale voorskrifte in verband met die aantal emigrante wat hy met hom mag saamneem — normaalweg kon hy vir elke £100 wat hy vir grond betaal het, sewe emigrante saamneem. McCorkindale wou dat in sy geval die getal opgeskuif word tot tien. Weer eens was dit vir die Koloniale Kantoor onmoontlik om van die bestaande voorskrifte af te wyk sodat hy andermaal met 'n negatiewe antwoord tevrede moes wees.[4]

Maar nog was dit nie die einde van McCorkindale se vindingrykheid nie. Terwyl hy sy sake in orde gekry het om met 'n emigrantegroep na Natal te vertrek, het by hom die gedagte ontstaan om 'n aantal jong seuns en dogters wat in Engeland in verbeteringsinrigtings was, as leerjongens met hom saam te neem. 'n Formele aansoek is in verband hiermee aan die Koloniale Kantoor gerig waarop die gebruiklike negatiewe antwoord gegee is.[5] Weer eens het hy nie nee vir 'n antwoord aanvaar nie, hom daarna op die „Secretary of State for the Home Department" beroep en 'n vergunning gekry om 18 seuns uit verbeteringsinrigtings saam te neem Natal toe. Die emigrasie-outoriteite het nog probeer om die inskeping van die kinders te verhoed, maar al wat hulle kon doen was om t.o.v. hierdie kinders nie die gebruiklike reistoelae van owerheidsweë toe te staan nie.[6]

Hoe dit ook al sy — toe McCorkindale Engeland met sy familie op 3 Februarie 1856 met die seilskip *Portia* verlaat het, was daar nog sewentig ander persone aan boord. As ons in gedagte hou dat McCorkindale dit kon bekostig om vir 5,000 akker grond in Natal kontant te betaal, is dit nie onwaarskynlik nie dat die sewentig persone almal tot sy emigrasiegroep behoort het.

Met sy Natalse planne het dit ewewel misgeloop. Die grond wat hy van die Koloniale Kantoor gekoop het, was by Senquasi naby die Tugela geleë terwyl hy nog later by Stanger belange verwerf het. Waaraan die mislukking van sy skema toegeskryf moet word, val moeilik om te sê, maar toe hy nie in Natal die mas kon opkom nie, het hy sy geluk in die Oranje-Vrystaat gaan beproef. Nadat hy nogtans byna agt jaar in Natal uitgehou het, skryf hy twee briewe aan die waarnemende president van die Vrystaatse Republiek waarin hy 'n aanneemlike emigrasie-skema voorstel, maar waarvoor hy grond nodig gehad het wat hy hoop teen 'n billike tarief aan hom beskikbaar gestel sou word. Sy briewe is wel

4. C.O. 405/2: Merrivale aan McCorkindale, d.d. 17 Februarie 1855 (Afskrif).
5. C.O. 405/2: F. Elliot aan A. McCorkindale, d.d. Downingstraat, 11 September 1855.
6. C.O. 405/2: Merrivale aan H. Waddington, d.d. 25 Januarie 1856 (Kopie).

deur die Vrystaatse Volksraad oorweeg waarna sy voorstel egter van die hand gewys is.[7]

Toe hy nie met die Volksraad van die Oranje-Vrystaat 'n ooreenkoms kon bereik nie, het hy dadelik sy belangstelling op die Suid-Afrikaanse Republiek toegespits en in die Volksraad van hierdie staat gewillige toehoorders gevind. McCorkindale het vir sy Transvaalse emigrasie-skema voorkeur gegee aan 'n stuk grond in Oos-Transvaal aan die grens van Swaziland. Sy aandag is op die gebied gevestig deur 'n aangetroude familielid, David Forbes, 'n Skot wat reeds sedert die begin van 1850 in Natal woonagtig was. Op een van sy jagtogte het hy die ooreenkoms opgemerk tussen die gebied en die Skotse landskap en McCorkindale daarvan meegedeel.[8]

Nadat hy die gebied besoek het, het hy met president Pretorius in verbinding getree en skriftelik 'n bepaalde voorstel aan hom gemaak. Hierdie eerste brief wat verlore geraak het, het dadelik die President se geesdrif gaande gemaak. M. W. Pretorius, ondanks die swak beeld wat somtyds van hom opgebou word, was besonder skerp ingestel op die verbetering van sy land se ekonomiese posisie en het elke geleentheid wat hom in dié verband voorgedoen het, met albei hande aangegryp. In McCorkindale se voorstel het hy so 'n geleentheid gesien. Toe McCorkindale se voorstel hom bereik het, was die Volksraad juis in sitting en Pretorius het sonder aarseling sy opwagting in die raadsaal gemaak, die vergadering gevra om van die orde af te wyk en, so belangrik het hy die saak beskou, 'n mededeling agter geslote deure aan te hoor. Sy versoek is toegestaan en uit wat die President toe aan die Volksraad vertel het, kan ons aflei wat in McCorkindale se eerste brief gestaan het. Die Skot, so is die vergadering meegedeel, het voorgestel dat 'n aantal plase in die Republiek aan hom beskikbaar gestel word waarop immigrante uit Skotland en die naburige kolonies, allerlei produkte soos graan, vlas, wol, katoen, koffie en suiker kon verbou. Daarnaas het hy ook verlof gevra om onder bepaalde voorwaardes 'n bank in die Republiek op te rig.

Hierdie tweeledige voorstel het dadelik die verbeelding van die Volksraad aangegryp en is 'n voorstel eenparig aangeneem waarin die mededeling „als van het grootste gewigt" erken word en waarin 'n kommissie bestaande uit die Staatspresident, die lede van die Uitvoerende Raad en drie lede van die Volksraad opgedra word om 'n samespreking met McCorkindale te hou ten einde meer besonderhede van hom oor sy skema te verkry.[9]

Om een of ander rede het by McCorkindale nadat hy sy eerste voorstel gemaak het, twyfel ontstaan en het hy die voorstel herroep, maar

7. V.R.B., O.V.S., 3 Februarie 1864.
8. D. J. R. Opperman: *Die Geskiedenis van Ermelo,* p. 17. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
9. V.R.B. 20 September 1864, art. 45.
R.823/64: Volksraad aan Uitvoerende Raad, d.d. Pretoria, 20 September 1864.

blykbaar is sy probleme spoedig opgelos sodat hy net twee dae nadat die Volksraad oor die saak 'n besluit geneem het, met 'n nuwe voorstel voor die dag gekom het.[10] In beginsel stem hierdie voorstel ooreen met die uiteensetting van die President 'n paar dae vroeër in die Volksraad. Hy stel nog belang om tussen 100 en 300 plase in die Republiek te koop teen £30 per plaas, belasting sal daarop betaal word vir 'n periode van vyf jaar of die plase bewoon word of nie en produkte soos katoen, koffie, vlas en wol sal daarop verbou word. As sy voorstel tot 'n ooreenkoms met die regering lei, sal sy maatskappy wat nog opgerig moet word, alles in sy vermoë doen om kundige persone soos kruitmakers en ambagsmanne, uit Europa na die Republiek te bring. Ook die voorstel dat sy maatskappy 'n bank sal oprig, word herhaal wat hom sal verbind om aan die staat geld teen 4% rente te leen „mits de sommen so geleend, door papiergeld, door de bank uitgeven, vervangen wordt en door den Staat als wettige munt wordt verklaard".

Die gewysigde voorstel van McCorkindale is daarna weer aan die Volksraad voorgelê wat net soos die vorige keer, die saak in 'n geheime sitting behandel het. Na noukeurige oorweging van die saak, is eenparig besluit om 'n kommissie te magtig om namens die regering 'n ooreenkoms met McCorkindale aan te gaan met die voorbehoud egter dat die ooreenkoms vir goedkeuring aan die Volksraad voorgelê moes word.[11] Die kommissie, bestaande uit W. J. Otto, B. C. E. Proes en B. J. Pretorius, het nie gras onder hulle voete laat groei nie en was reeds die volgende dag gereed — weer in 'n geheime sitting — om die Volksraad noukeurig in te lig oor die belangrikste sake waaroor ooreengekom is. Die sake wat deur hulle aan die Volksraad voorgedra is, is eenparig aanvaar waarna dieselfde kommissie opdrag gekry het om 'n Akte van Ooreenkoms op te trek en vir bekragtiging aan die Volksraad voor te lê.[12] Op die 5de Oktober was die ooreenkoms gereed en is dit deur die Volksraad goedgekeur en deur die voorsitter en sekretaris namens die Raad onderteken.[13]

Die Akte van Ooreenkoms aangegaan tussen die regering en McCorkindale, is om meer as een rede belangwekkend en verdien met betrekking tot bepaalde punte, ons nadere aandag.[14] Miskien is dit goed om die groot swakheid van die dokument heel eerste te noem. Ofskoon die dokument op die 5de Oktober behoorlik onderteken is en in bepaalde klousules voorsiening gemaak is vir verpligtinge wat paaiementsgewys nagekom moes word na die inwerkingtreding van die ooreenkoms, is in die ooreenkoms self nie 'n datum gestel waarop dit in werking sou tree nie.

10. S.S. Supl. Stukke, no. 94/64: A. McCorkindale aan president en lede van die U.R., d.d. Pretoria, 12 September 1864.
11. V.R.B., 30 September 1864, art. 148.
12. V.R.B., 1 Oktober 1864, artt. 153-155.
13. V.R.B., 5 Oktober 1864, art. 208.
14. Vgl. volledig by Boedel 1252 (O) Band V. Die oorspronklike Nederlandse en Engelse teks van hierdie ooreenkoms is gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die ZAR.*, deel VI, pp. 253-258.

In die 16de klousule word slegs voorsiening gemaak dat oor die datum van inwerkingtreding nog ooreengekom sal word en dan by wyse van 'n endossement aan die ooreenkoms toegevoeg sal word. En dit het eers byna vier jaar later op 16 April 1868 gebeur. Verder is dit ook opvallend dat in die finale ooreenkoms nie 'n woord gerep word oor die beoogde bankstigting van die maatskappy nie. Al die bepalings het slegs op die beoogde immigrasie-skema en sake wat daarmee in verband staan, betrekking. Hieroor word egter heelwat inligting verskaf.

Voorsiening word gemaak vir 'n maatskappy wat nog opgerig moes word en bekend sou staan as die *Londensche en Zuid-Afrikaansche Handel, Landbouw en Myn Maatschappy van de Zuid-Afrikaansche Republiek.* Aan hierdie maatskappy sal deur die regering op twee of meer plekke minstens 200 plase beskikbaar gestel word waarvoor die maatskappy onderneem om £40 per plaas te betaal in vier gelyke paaiemente vanaf die datum van die inwerkingtreding van die ooreenkoms. Die plase sal onderhewig wees aan normale belasting en sodanige wette en regulasies wat betrekking het op belasting, die koop en verkoop van grond. Die maatskappy onderneem om al die plase te laat okkupeer en die wat nie binne 'n vasgestelde tyd bewoon is nie, aan 'n dubbele belastingaanslag onderhewig te stel. Alleen „respectabele immigranten" van Europa en die aangrensende kolonies, sou op die plase gevestig word wat moes onderneem om „burgers van den staat en onderdanen van de Republiek" te word en die eed van getrouheid af te lê. Die maatskappy verbind hom ook om na die beste van sy vermoë, indien daartoe deur die regering versoek, kundige persone in Europa te werf wat met die ontwikkeling van myne behulpsaam kon wees.

Ten slotte word in die ooreenkoms ook nog bepaal dat McCorkindale 'n bedrag van £100 aan die Staatspresident sal oorhandig as 'n waarborg dat hy sy deel van die kontrak sal nakom. Die betaling van hierdie bedrag was egter ook onderhewig aan die datum waarop die ooreenkoms in werking sou tree sodat daar geen verpligting op McCorkindale gerus het om dit met die ondertekening te oorhandig nie.

Ten einde sy deel van die ooreenkoms uit te voer, moes hy in Brittanje en elders na kopers vir die 200 plase gaan soek wat dan as nuwe inwoners van die land hulle op die plase sou kom vestig. Om een of ander rede was McCorkindale ná die ondertekening van die ooreenkoms nie haastig om na die buiteland te vertrek nie en het goed elf maande verloop voordat hy aan die begin van September 1865 na Engeland skeep gegaan het. Voor sy vertrek het M. W. Pretorius, wat skynbaar onbeperkte vertroue in die genaakbare Skot gehad het, van die toenadering tussen hulle gebruik gemaak om 'n hele aantal addisionele opdragte — die meeste waarskynlik nie-amptelik — aan hom te gee. Voortspruitende uit die ooreenkoms van 5 Oktober 1864, versoek die President McCorkindale op 21 April 1865 om twee lood-, twee yster- en twee kopersmelters met hom saam uit Engeland terug te bring. Onder afsonderlike skrywe versoek hy op dieselfde dag dat McCorkindale se maatskappy — wat

toe nog nie gestig was nie en soos later sou blyk, ook nooit gestig sou word nie — aan die regering 'n kontant lening van £5,000 in goud of silwer moet maak. Die regering sou $6\frac{1}{2}\%$ rente betaal en grond as waarborg aan die maatskappy afstaan.[15]

Nie-amptelik het hy waarskynlik nog meer opdragte aan McCorkindale gegee of anders het die Skot min of meer eiegeregtig opgetree omdat terwyl hy in Brittanje was, het hy namens die Republiek met verskillende instansies onderhandel oor uiteenlopende onderwerpe soos die verskaffing van kruit, die aankoop van 'n drukpers, die bestelling van ponte, die sluiting van 'n lening, die vermindering van invoerregte, sowel as die aanlê van 'n hawe iewers aan die Suid-Ooskus.

Na sy aankoms in Brittanje het hy hom reëlreg na sy geboortestad, Glasgow, begewe waar hy baie gou ontnugter is. Sy droombeelde van maklike sukses wat spoedig tot 'n groot industriële onderneming sou lei, het soos 'n kaartehuis in duie gestort toe hy moes uitvind dat die kapitaliste nie in sy planne belanggestel het nie. Die mense wou nie geld belê in 'n wilde, onontwikkelde land wat nie eers oor 'n eie seehawe beskik het nie. Onder sy eie vriendekring kon hy egter voldoende belangstelling opwek om 'n aantal plase van die hand te sit waarmee hy egter nie die voorskrifte van die ooreenkoms met die regering van die Republiek kon nakom nie. McCorkindale is egter nie deur teenslae van hierdie aard van stryk gebring nie en daarom het hy ewe koel en kalm beplan om 'n maatskappy te stig wat as die *Glasgow and South African Company* sou bekend staan en wat net op 80 plase betrekking sou hê. Van die *London and South African Commercial Agricultural and Mining Company* vir die stigting waarvan hy eintlik na Brittanje is, het niks tereg gekom nie, maar hierdie feit het hy vir die regering van die Republiek verswyg. Trouens, deur sy hele optrede, het hy konsekwent die indruk gewek dat die maatskappy wel gestig is.

Ook met die meeste ander sake wat hy gedurende sy ongeveer agt maande lange verblyf in Brittanje aangedurf het, het hy min of geen sukses behaal nie. En tog het hy sedert sy aankoms in Skotland die een optimistiese brief na die ander aan M. W. Pretorius gestuur en nie alleen die President nie, maar deur hom ook die Volksraad, onder 'n valse indruk gebring.

Met betrekking tot die te stigte maatskappy, skryf hy op 22 September 1865 uit Glasgow aan Pretorius „that my company is now formed and incorporated by Act of Parliament — Capital one hundred thousand pounds". Verderaan in sy brief kom hy terug op sy sg. maatskappy en dan deel hy die President mee „I have decided to divide the Land Grant given to me into two portions; one has passed to the Company named by me, when in Pretoria. The other part I intend to devote to a second company, allotting a large portion of the shares to the Burgers of the

15. Brieweboek, President, 1865, No. 26: M. W. Pretorius aan A. McCorkindale, d.d. Potchefstroom, 21 April 1865.

state". Hy gaan selfs so ver om te suggereer dat die President self en persone soos Paul Kruger, Viljoen en Otto as direkteur van die maatskappy benoem sal word.[16] In 'n volgende brief — 7 Oktober 1865 — skryf hy weer gunstig oor sy maatskappy wat goed funksioneer „in conformity with my agreement with the Volksraad".[17] In 'n brief van ongeveer vyf weke later, skryf hy meer nugter net of hy op die vooraand van sy terugkeer na die Republiek besig is om die President vir slegte nuus voor te berei. Nogtans, ook op hierdie stadium is hy nog steeds besig om die indruk te wek dat die eerste maatskappy — die een waarvan daar melding gemaak is in sy ooreenkoms met die Republiek — wel gestig is terwyl dit in werklikheid nie die geval was nie.[18]

Ook oor die kwessie van 'n lening aan die Republiek het hy deur optimistiese berigte 'n skewe beeld geskep. In sy brief van 22 September meld hy dat hy aanvoorwerk gedoen het vir die lening waarop hy in sy brief van 7 Oktober voortborduur en die verwagting wek dat 'n lening „on very liberal terms" gesluit sal word. Na sy terugkoms in Pretoria meld hy in 'n brief aan Pretorius „that I have made full arrangements to negotiate a Bond" — die besonderhede sou hy later mondeling aan die President bekend stel.[19] Die lening is egter nooit gesluit nie en sy optimistiese beriggewing was louter versinsels.

Blykbaar het M. W. Pretorius hom ook gevra om vir die Republiek 'n drukpers te koop want op 8 Desember 1865 rapporteer hy gunstig — hy het 'n drukpers gekoop en dit word versend. Na sy terugkeer toe die pers nog nie aangekom het nie, deel hy Pretorius in sy verslag-brief mee „that in sundry small matters as a Press, Dies, etc. I gave my power of Attorney to act for the State to James Jerrom Pratt." Die drukpers het nooit die Republiek bereik nie — altans nie deur die toedoen van McCorkindale nie. Op dieselfde wyse het hy met die aankoop van ponte en grofgeskut op 'n vroeë stadium gunstige verwagtings gewek, terwyl daar per slot van rekening van hierdie transaksie niks tereg gekom het nie.

'n Saak wat oor die jare heen vir die Republiek groot onreg aangedoen het, is die feit dat in Britse hawens in Suid-Afrika in- en uitvoerregte gehef is op goedere bestem vir die Republiek, terwyl die Republiek nie 'n pro rata-aandeel van die opbrengs daarvan gekry het nie. McCorkindale het blykbaar magtiging ontvang om ook met betrekking tot hierdie saak namens die Republiek met die belanghebbende outoriteite te onderhandel. Wat hierdie saak betref, het McCorkindale sonder twyfel sy bes probeer, maar ongelukkig die saak verkeerd aangevoor. In plaas van die

---

16. Boedelstukke: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Glasgow, 22 September 1865.
17. Boedelstukke: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Glasgow, 7 Oktober 1865.
18. Boedelstukke: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Londen, 18 November 1865.
19. Boedelstukke: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 1 Augustus 1866.

saak onderweg na Engeland eers by die Hoë Kommissaris in Kaapstad aanhangig te maak, het hy reëlreg met die Koloniale Kantoor in Londen in verbinding getree[20] en soos maklik begryp kan word, niks bereik nie en net 'n teregwysing ontvang. Daarna het hy nog eers weer probeer om met die tussenkoms van lord Clarendon die saak in Londen te beredder, maar ook die poging het niks gehelp nie.[21]

Op sy reis terug na Suid-Afrika, het hy die saak in Kaapstad met sir Philip Wodehouse opgeneem, maar vanselfsprekend was hy ten tye van sy finale verslaggewing aan die President nog nie in 'n posisie om die uitslag van sy vertoë aan die President mee te deel nie.

Ondanks die mislukkings wat McCorkindale gedurende sy kort verblyf in Brittanje op die lyf geloop het en die enkele onnodige wanvoorstellings wat hy van sy bedrywighede aan president Pretorius gegee het, was sy buitelandse besoek nie sonder voordele vir die Republiek nie. Per slot van rekening was dit nie sy skuld dat hy nie met 'n lening vir die Republiek kon slaag nie. Niemand kon verwag dat die kapitaliste van Brittanje of enige ander deel van die wêreld soveel vertroue in die Transvaal sou hê dat hulle met onontwikkelde plase as enigste sekuriteit geld aan die regering sou leen nie. In dié opsig was sy ondervindings tog waardevol omdat hy die regering van president Pretorius kon aanspoor om met progressiewe maatreëls belangstelling by die geldbase op te wek. Die daarstelling van betroubare posverbindings, die oprigting van goeie skole en as dit moontlik was, ook 'n inrigting vir hoër onderwys, die oprigting van 'n bank wat aan die regering geld kon leen en waarmee die waardelose papiergeld uit die wêreld gehelp kon word — hieraan en aan baie dinge het die Republiek behoefte gehad.[22]

Gedurende sy verblyf in Engeland, maar veral Skotland, het hy nuttige inligting oor die Republiek versprei en die jong staat vir die eerste keer behoorlik bekendgestel. Hy het ambagsliede probeer oorreed om hulle in die Transvaal te kom vestig. Etlike bekwame onderwysers, aanbeveel deur die Skotse kerk, het hulle bereid verklaar om na die Republiek te kom. Hy het ook 'n boek oor skaapsiektes laat vertaal vir die gebruik deur Boere in Transvaal. Melkbos en ander vesels het hy onder die aandag van Britse fabrikante gebring en na sy oordeel, sonder twyfel hulle belangstelling gewek. Met sy vertrek na Engeland het hy ook 'n monster tabak saamgeneem wat op die plaas van Marthinus Vorster, 'n swaer van die President, gekweek is. In Engeland is dit so goed ontvang dat hy met vrymoedigheid die regering kon adviseer om die boere aan te moedig om op groot skaal tabak te verbou.

20. C.O. 49/58, Kopie 11933: Britse Koloniale Kantoor aan A. McCorkindale, d.d. 16 Desember 1865.

21. R.1322/65: Afskrif brief Koloniale Kantoor aan A. McCorkindale, d.d. Downingstraat, 16 Desember 1865 en R.1354/65—soortgelyke skrywe, maar van 23 Desember 1865.

22. H. R. van der Walt: *Alexander McCorkindale en sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 15. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.

Vrywel onmiddellik na sy aankoms in Skotland, het hy daarin geslaag om op baie voordelige terme 36,000 pond kruit vir die Republiek te koop. Vir die Transvaal was dit 'n uitredding, nie alleen omdat dit die inwoners onafhanklik van handelaars gemaak het nie, maar omdat so 'n groot besending, die staat in staat gestel het om die kruithandel weer vir eie rekening te neem en met die verkoop daarvan, 'n aansienlike wins te maak.[23]

Die grootste waarde van McCorkindale se besoek aan Brittanje lê egter opgesluit in die gedeeltelike sukses wat hy met sy immigrasieskema behaal het. Dit is wel waar dat hy nie daarin kon slaag om die oorspronklike maatskappy te stig nie — hoewel hy die mislukking hiervan vir die Volksraad geheim gehou het — maar die stigting van die *Glasgow and South African Company* was nie sonder voordeel nie. Op 9 Februarie 1866 het McCorkindale vir M. W. Pretorius uit Engeland berig dat die eerste immigrante gedurende Maart, en hyself spoedig daarna, uit Engeland sou vertrek. Per slot van rekening het die immigrante eers veel later gekom, maar McCorkindale was aan die begin van Junie 1866 terug in Natal vanwaar hy op 19 Junie uit Newcastle 'n brief aan Pretorius geskryf het. Daarna het 'n ontmoeting tussen hom en die President op 28 Junie in Wakkerstroom plaasgevind waarna Pretorius vergesel van O'Reilly, Henderson, Proes en Meintjies vir McCorkindale in geselskap van Bell, Gunn, Ramsay en Grey die plase gaan aanwys het.[24] McCorkindale was met die waterryke grond baie in sy skik en het die grootste meer in die gebied na die President se enigste dogter „Miss Chrissy Lake" genoem.[25]

Van die oomblik dat die grense van die grond aangewys is — 13 Julie 1866 — het die ooreenkoms van 5 Oktober 1864 met betrekking tot die *Glasgow and South African Company* in werking getree. By die geleentheid is 'n verdere ooreenkoms tussen Pretorius en McCorkindale ter uitbouing en aanvulling van die 1864-ooreenkoms aangegaan. Hierin word die maatskappy se grond duidelik omskryf met die verdere bepaling dat as dit na opmeting sou blyk dat die stuk grond nie 200 plase bevat nie, die regering dit tot tevredenheid van McCorkindale sal aanvul. Kragtens die aanvullende ooreenkoms word die maatskappy vir 'n tydperk van twaalf maande die reg gegun om 'n deel van die grond, mits dit nie aan sy vereistes beantwoord nie, met 'n ander stuk grond

23. Vgl. Aanspraak Staatspresident, 19 Februarie 1866, art. 29. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, Deel V, p. 452. Verslag van die Begrotingskommissie, art. 20 — *Staats Courant,* 14 Augustus 1866. Vgl. ook Aanspraak Staatspresident, 10 September 1866, art. 10 (gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, Deel VI, p. 233) waaruit blyk dat die staat al die kruit gekoop het en dat die Volksraad sy goedkeuring daaraan geheg het — vgl. V.R.B., 28 September 1866, art. 21.

24. *De Tijd,* 1 Augustus 1866.

25. H. R. van der Walt, a.w., p. 17.

te laat vervang.[26] Met hierdie handeling, is die gebied wat vandag nog as Nieuw Schotland bekend is, gebore.

Soos reeds gesê, was McCorkindale met die grond baie tevrede. Terug in Pretoria, skryf hy aan die President en gee skriftelik uitdrukking aan sy tevredenheid. In dieselfde asem vra hy dat die grond so spoedig moontlik geregistreer moet word sodat die plase op die name van sy immigrante oorgedra kan word.[27] Ook aan hierdie versoek is voldoen en reeds die dag daarna — 2 Augustus 1866 — is van die plase op die name van hulle nuwe eienaars getransporteer met die verstandhouding dat transporte eers na opmeting toegeken sou word. Vir daardie dae vreemde name soos Buchanan, Munro, Napier, Gilbert, Crosbie en Edgley, kom onder die transportaktes voor. Van die kant van die staat is die plase as 'n geheel opgemeet — die verdere verdeling in afsonderlike plase, was die taak van die maatskappy.[28]

Op dié wyse is betyds voorsiening gemaak vir die ontvangs van McCorkindale se Skotte wat toe reeds in aantog was. Einde Desember 1866 is 'n konvooi van dertien waens wat McCorkindale van boere gehuur het, na Natal om die nuwe inwoners te gaan haal. Op die 5de Januarie 1867 was hulle op Wakkerstroom waar hulle deur McCorkindale sowel as M. W. Pretorius verwelkom is. Op 'n sportbyeenkoms net na die ontvangs, is McCorkindale deur 'n perd geskop en sy been „verbrijzeld". Op die 10de Januarie het hulle na die plekke van hulle bestemming vertrek en hulle in Nieuw Schotland gaan vestig.[29] Die eerste plek van vestiging het as Industria bekend gestaan en na mate meer immigrante bygekom het, het ook Londina — die omgewing van die huidige Piet Retief — ontstaan. 'n Derde groep het hulle by Roburnia gevestig — 'n omgewing wat vernoem is na Robert Burns. In hierdie gebied is op die twee plase Melrose en Eldon die dorpie Roburnia aangelê, 'n naam wat op 5 Julie 1882 deur die Volksraad verander is na Amsterdam uit erkentlikheid vir wat die „ou vaderland" gedurende die Vryheidsoorlog vir Transvaal gedoen het.[30] Kort na hul vestiging het Pretorius die Skotse gemeenskap besoek en het 14 van die immigrante die eed van getrouheid voor die Staatspresident te „Lake Banagher" afgelê.[31]

Met die nedersetting het dit nie besonder goed gegaan nie. Die moontlikhede van die gebied was blykbaar oorskat en het nie aan die verwagtings voldoen nie. Skape wat uit die Vrystaat na die gebied inge-

26. R.6072/83: Aanvullende ooreenkoms tussen Pretorius en McCorkindale, d.d. De Emigratie, 13 Julie 1866. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 258.
27. Boedelstukke: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 1 Augustus 1866.
28. E.V.R. 110, p. 135: M. W. Pretorius aan Magnus Forsman, landmeter-generaal, d.d. Wakkerstroom. 23 Julie 1866. Boedelstukke 1252(o), Band V.
29. *De Tijd*, 2 en 13 Januarie en 20 Februarie 1867.
30. J. D. R. Oppermann, a.w. p. 22.
31. E.V.R. 110, pp. 100-2., art. 20: M. W. Pretorius se getuienis voor Kommissie van ondersoek. Pretorius stel die datum op 2 Maart 1866. Dit moet wees 1867.

voer is, het van die gifplante gevrek en uit landboukundige oogpunt, was die grond skraal en was daar van die verbouing van gewasse soos suiker, koffie en katoen geen sprake nie. Betreklik vroeg reeds het van die inwoners die gebied verlaat en hulle elders gaan vestig, maar terwyl McCorkindale geleef het, het die kern tog nog bymekaar gebly. Na sy dood in 1871 „the whole Scottish settlement fell to pieces".

Omdat hierdie verwikkeling nie voorsien kon word nie, was die vestiging van die Skotte tog 'n groot gebeurtenis. Almal was tevrede en die Volksraad hoog in sy noppies. 'n Nuwe ontwikkeling het ingetree wat vir die land as 'n geheel net nuttig kon wees.[32] Maar dit was veral staatspresident Pretorius wat met genoegdoening kon terugkyk oor 'n belangrike ontwikkeling wat plaasgevind het. By die eerste daaropvolgende sitting van die Volksraad het hy die verloop van sake in sy Aanspraak onder die aandag van die Raad gebring en die landsvaders meegedeel dat McCorkindale „heeft reeds enige machinerien en werktuigen alsook differente bouw- en andere zaden met zich gebragt en wenscht daardoor de algemeene nywerheid te bevorderen." By hom bestaan geen twyfel nie dat die ondernemings van McCorkindale sal meewerk tot die spoedige ontwikkeling en bloei van die land as 'n geheel en daardeur doen hy met vrymoedigheid 'n beroep op die Volksraad om op elke manier „het welgelukken der plannen van den heer McCorkindale te bevorderen."[33] Die Volksraad het hom met hierdie goeie voorneme eenparig vereenselwig.[34] Vanselfsprekend het die President onder hierdie omstandighede hoë aansien geniet terwyl tussen hom en McCorkindale 'n baie goeie verstandhouding bestaan het. Die algemene atmosfeer van welwillendheid het meegebring dat met die Skotse nedersetting in Oos-Transvaal as grondslag, belangrike nuwe skemas oorweeg en aangepak kon word. McCorkindale, ervare sakeman soos hy was, het nie gras onder sy voete laat groei nie, die gunstige omstandighede aangegryp en 'n paar sakevoorstelle aan die regering voorgelê.

Die eerste hiervan het betrekking gehad op die lewering van kruit en ammunisie. McCorkindale het hom bereid verklaar om vir 'n tydperk van drie jaar onder bepaalde voorwaardes die nodige ammunisie aan die regering te verskaf. Die President het die saak by die Volksraad aanbeveel wat op sy beurt na noukeurige oorweging daarvan, die President gemagtig het om 'n ooreenkoms met McCorkindale aan te gaan. Dit het op 3 Augustus 1866 gebeur en sou vir 'n tydperk van drie jaar geldig wees. Hierdie ooreenkoms het blykbaar vir 'n ruk goed gewerk want teen die einde van 1867 het M. W. Pretorius nog 'n keer versoek dat McCorkindale so spoedig moontlik 'n aantal kanonne uit Engeland moes bestel. Hierdie bestelling het die kontrak egter 'n geweldige knou gegee en waarskynlik tot die stilswyende einde daarvan bygedra omdat

32. *Staats Courant*, 14 Augustus 1866: Verslag van die Begrotingskomitee, art. 18.
33. Aanspraak Staatspresident, 10 September 1866, art. 8. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VI, p. 234.
34. V.R.B. 3 Oktober 1866, artt. 290-293.

die President dit in sy brief duidelik stel dat die kanonne betaal moes word „uit de eerste paayment van de Londen Compagnie." Hiervan het McCorkindale nie gehou nie.[35]

In die brief waarin hy na sy terugkeer uit Brittanje verslag oor sy werksaamhede in die buiteland aan die Staatspresident gedoen het, het McCorkindale hom in 'n slotparagraaf bereid verklaar „to supply the Burgers and others with salt as good as English, so that the produce of the State can be brought into competition with Foreign products in all markets." Hierdie brief het hy twee dae later opgevolg met 'n verdere skrywe aan die Uitvoerende Raad vir die huur van die soutpan naby Pretoria met die oogmerk om daar die nodige geboue en masjinerie op te rig, „geschikt om zout te bewerken voor alle huishoudelyk en andere doeleinden." Die aanbod het vir die Uitvoerende Raad aanneemlik geklink en nog dieselfde dag, 3 Augustus 1866 is, hangende die goedkeuring van die Volksraad, 'n ooreenkoms met McCorkindale aangegaan. Daarin word die soutpan vir 'n termyn van 25 jaar aan McCorkindale verhuur teen 'n bedrag van £25 per jaar. In die ooreenkoms word voorsiening gemaak vir 'n verlenging van die termyn in welke geval die huur verhoog sou word tot £100 per jaar. Die konsep-ooreenkoms is op aanbeveling van die Staatspresident eenparig deur die Volksraad goedgekeur.[36]

Op dieselfde dag — 3 Augustus 1866 — is nog 'n derde kontrak met McCorkindale aangegaan, in hierdie geval 'n eenjarige kontrak om die pos uit Natal na 'n plek in Nieuw Schotland te vervoer. Die kontrak het ook die vervoer van pos na Marthinus Wesselstroom en Utrecht ingesluit en gedeeltelik selfs na Heidelberg. Vir dit alles sou aan hom die bedrag van £5 betaal word.[37]

Die verhouding tussen M. W. Pretorius en die Skot het sedert laasgenoemde se terugkeer uit die buiteland, steeds verbeter. Die President se vertroue in McCorkindale was op hierdie stadium sonder enige perke. Belangrike take is aan hom toevertrou, maar daarnaas het hy ook opdragte ontvang wat die amptenare in diens van die staat net so maklik en ewe goed kon uitgevoer het. Reeds op 25 Mei 1866 terwyl Pretorius in Pietermaritzburg was, gee hy McCorkindale opdrag om op koste van die regering 'n aantal stempels te laat vervaardig — een was blykbaar bedoel

35. Aanspraak Staatspresident, 10 September 1866, art. 11, Verslag Kommissie, 28 September 1866, artt. 22 en 23, V.R.B. 3 Oktober 1866, art. 29 en Boedelstukke 1252(o) V vir oorspronklike kontrak onderteken op 3 Augustus 1866. Lg. stuk gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, Deel VI, p. 260. Vgl. ook B.B. 655/67: M. W. Pretorius aan A. McCorkindale, d.d. Potchefstroom, 22 Desember 1867.

36. Boedelstukke 1252(o) V: A. McCorkindale aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria. 1 Augustus 1866; R.777/66. Vertaling van brief van A. McCorkindale aan U.R., d.d. Pretoria, 3 Augustus 1866; B.B.1688/66: Voorlopige kontrak, d.d. Pretoria, 3 Augustus 1866; Aanspraak Staatspresident 10 September 1866, art. 9; Verslag Kommissie, 25 September 1866, art. 19; V.R.B., 3 Oktober 1866, art. 294.

37. Boedelstukke 1252(o) V: A. McCorkindale aan Uitvoerende Raad, d.d. Pretoria, 3 Augustus 1866.

vir die president se kantoor, 'n ander vir die kantore van die staatsekretaris, twaalf vir landdroskantore in die Republiek en 24 vir poskantore.[38]

Op 3 Augustus 1866, die dag toe McCorkindale nie minder as drie kontrakte van die staat gekry het nie, het die President hom versoek om vir rekening van die staat 'n stempel „de groote van een vyf shilling stuk" te laat vervaardig met die landswapen in die middel en die woorde „Groot Zegel der Zuid-Afrikaansche Republiek" daar omheen. In dieselfde brief word hy ook versoek om posseëls vir 'n bedrag van £50 te laat vervaardig van 1s., 2s., 3s., en 6s. Die President het in sy brief egter nagelaat om 'n aanduiding te gee van die aantal seëls wat van elke soort vervaardig moes word. Sy vertroue in McCorkindale was egter so groot dat hy 'n besluit hieroor waarskynlik aan die gesonde oordeel van die Skot oorgelaat het.[39]

Pretorius se derde bestelling — ook van 3 Augustus 1866 — het betrekking gehad op die invoer van 'n verskeidenheid skryfmateriaal en ander kantoortoerusting. Die bestelling word afgesluit met „Twee Kanonnen Withword Rifles . . . met 1000 schoten en verdere toebehooren en een bom waarvan de kogels ook als handgranaten kunnen gebruikt worden".[40] Hoe die President hierdie laaste paar items gerym het met die ammunisiekontrak wat dieselfde dag aan McCorkindale toegeken is, begryp mens nie so goed nie. Die drie bestellings is nadat dit gemaak en waarskynlik reeds gedeeltelik uitgevoer is, deur die Volksraad sonder enige teenspraak goedgekeur.[41]

Dat Pretorius graag van McCorkindale se dienste gebruik gemaak het, kan 'n mens verstaan. Tussen hulle het 'n baie goeie vriendskap ontstaan en daarby was McCorkindale 'n bruikbare mens wat veral met handelsaangeleenthede baie meer vertroud was as die meeste amptenare in diens van die staat. Wat 'n mens egter nie so maklik begryp nie is dat die President sy Skotse vriend se hulp ewe maklik ingeroep het vir diplomatieke aksie met vreemde regerings — 'n terrein waar 'n mens sou verwag dat die President in die eerste plek self sou opgetree het. Op dieselfde gedenkwaardige 3 Augustus word die prokurasie wat in 1864 aan McCorkindale verleen is om namens die regering van die Republiek met die Natalse administrasie oor die vermindering van invoerregte op kruit te onderhandel, hernu.[42] Waarskynlik het die President teen hierdie tyd aan sy eie vermoë om so 'n saak te hanteer, begin twyfel omdat hy sedert 1857 reeds dikwels, maar tevergeefs, hierdie saak met die Koloniale outoriteite opgeneem het.

38. R.523/66. M. W. Pretorius aan A. McCorkindale, d.d. Pietermaritzburg, 25 Mei 1866.
39. B.B. 387/66: M. W. Pretorius aan A. McCorkindale, d.d. Pretoria, 3 Augustus 1866.
40. B.B. 1687/66: M. W. Pretorius aan A. McCorkindale, d.d. Pretoria, 3 Augustus 1866.
41. V.R.B., 3 Oktober 1866, art. 299.
42. B.B. 1689/66: M. W. Pretorius aan A. McCorkindale, d.d. Pretoria, 3 Augustus 1866.

Toe die President op 10 September 1866 sy gebruiklike Aanspraak voor die Volksraad gehou het, het hy opgemerk dat sy onlangse besoek aan Natal en sy onderhandelinge met McCorkindale hom oortuig het dat dit in belang van die Republiek sal wees om in Natal en in Engeland konsuls te hê. Dit is enigsins twyfelagtig of die insig spontaan by die President ontstaan het want, veral as daarop gelet word dat die persone wat hy as konsuls aanbeveel, in albei gevalle mense was met wie McCorkindale intiem saamgewerk het, is die gevolgtrekking geregverdig dat Pretorius toe hy die saak voor die Volksraad aangeroer het, op advies van McCorkindale gehandel het. Voortgaande, deel die President die Volksraad mee dat Thomas William Findlay hom reeds bereid verklaar het om as konsul van die Republiek in Natal op te tree, terwyl James Jerrom Pratt ingewillig het om in die hoedanigheid in Engeland te dien. Hieruit meen die President die afleiding te mag maak dat die Republiek in die buiteland aansien begin verkry en daarom het hy groot vrymoedigheid om by die Volksraad aan te beveel dat die persone as konsuls aangestel word.

Die Volksraad het op aanbeveling van die kommissie na wie die Aanspraak van die Staatspresident vir kommentaar verwys is, die wenke van die President aanvaar, maar wyselik besluit om die President te magtig en op te dra om in alle state waarmee die Republiek in 'n betrekking staan, konsuls te benoem. Van hierdie magtiging het die President gebruik gemaak sodat hy 'n jaar later kon rapporteer dat die benoeming van Jerrom Pratt, George Wood en Thomas Findlay respektiewelik as konsuls in Engeland, die Kaapkolonie en Natal, goedgekeur en bekragtig is.[43]

Daar is reeds gewys dat toe McCorkindale teen die end van 1865 in Engeland was, hy nie daarin geslaag het om die 200 plase wat in die ooreenkoms van Oktober 1864 aan hom toegesê is, almal van die hand te sit nie. Omdat hy net gedeeltelik suksesvol was, het hy nog terwyl hy in Skotland onderhandelings gevoer het, besluit om 'n tweede maatskappy, die *Glasgow and South African Company* in die lewe te roep en 80 van die 200 plase aan dié maatskappy oor te dra. Aan die begin van 1867 het die klompie Skotse immigrante wat toe in die Transvaal hulle verskyning gemaak het, op plase gaan woon wat aan die Glasgow-maatskappy behoort het. Intussen was die stigting van die nuwe maatskappy nog nie amptelik in orde gebring nie sodat die vestiging van die Skotse immigrante in werklikheid onreëlmatig verloop het. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat as die stigting van die nuwe maatskappy nie amptelik deur die regering van die Republiek erken word nie, McCorkindale, omdat hy dan nie sou kon voldoen aan die bepalings van die

43. *Staats Courant,* 11 September 1866: Aanspraak van die Staatspresident, 10 September 1866, art. 17; E.V.R. 109, pp. 348-387: Kommissieverslag, d.d. 8 Oktober 1866, art. 37; V.R.B., 15 Oktober 1866, art. 407 en *Staats Courant,* 11 September 1867: Aanspraak van die Staatspresident, 9 September 1867, art. 5.

ooreenkoms van Oktober 1864 nie, gevaar geloop het om al die grond, insluitende die waarop sy mense toe reeds woonagtig was, weer te verloor. Vir McCorkindale was daar dus inderdaad baie op die spel.

McCorkindale het klaarblyklik na sy terugkoms in Transvaal die aangeleentheid met die President bespreek en laasgenoemde, in die waan dat die *London and South African Company* wel gestig is, was bereid om saam te werk en die onreëlmatigheid uit die weg te ruim. Van die kant van die Republiek het die saak die eerste keer 'n amptelike kleur gekry toe die Uitvoerende Raad op 2 Augustus 1866 aanbeveel het dat 80 van die 200 plase wat aan die *London and South African Company* toegestaan was op die naam van die *Glasgow and South African Company* oorgedra kan word.[44] In opvolging van hierdie aanbeveling, is daar 'n konsep „Acte van Waarborg en Overeenkomst" tussen die President en McCorkindale opgetrek wat voor ondertekening eers aan die Volksraad vir goedkeuring voorgelê is. Die Volksraad het geen beswaar teen die aanname van die dokument gehad nie en die President gemagtig om dit namens die regering te onderteken. Dit het daarna op 6 Oktober 1866 gebeur.[45]

Hiermee was die grondreëling in Nieuw Schotland nog nie finaal afgehandel nie. Eers teen die helfte van die volgende jaar is die gebied bekend as „Industria" aan *The Glasgow and South African Company Limited* in voortdurende erfpag oorgedra. Min of meer die enigste voorwaarde wat aan die oordrag verbonde was, was dat die paaie in die gebied openbaar sal bly en dat daarop vir uitspannings voorsiening gemaak moes word. Dit is verder ook nog bepaal dat jaarliks op elke 3000 morg £1.10.0 belasting betaal sal word. Hierdie stuk is daarna beliggaam in Akte No. 14 van 1867,[46] deur M. W. onderteken op 28 Junie 1867 en op 3 Julie 1867 op die Akteskantoor geregistreer. Die akte gaan vergesel van 'n kaart waarop die bakens van Industria aangedui word. Die grond grens aan die distrikslyn van Lydenburg, gedeeltelik aan Umzwaas se land en het ook 'n gemeenskaplike lyn met die oorblywende McCorkindale-grond gehad. Die gebied is so omlyn dat „Miss Chrissies Lake" daarbinne geval het.[47] Na opmeting het dit geblyk dat die 80 plase 226,806⅓ morg groot was.

Hierby aansluitend is op 26 November 1867 die grondbriewe van die gebied bekend as Londina (234,000 morge) en Roburnia (106,824⅓ morg groot) op 26 November 1867 op naam van die *London and South African Commercial, Agricultural and Mining Company* uitgemaak — 'n maatskappy wat, soos agterna geblyk het, nie bestaan het nie. Op die twee blokke het 7 plase kort gekom om die getal van 120 te voltooi waarvoor agterna aparte grondbriewe uitgemaak is. Op 'n later datum

44. U.R.B., 2 Augustus 1866, art. 2.
45. V.R.B. 4 Oktober 1866, artt. 304 en 305. Boedelstukke 1252(o) V: Acte van Waarborg en Overeenkomst, d.d. 6 Oktober 1866.
46. R.663/67.
47. *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, deel VII, p. 162, Bylae 7 van 1867/68.

is die plase in die Londina-gebied oorgeplaas op die naam van Alexander McCorkindale[48] — 'n onreëlmatige handeling, maar wat die regering, onder die indruk dat die maatskappy wel bestaan het, ter goeder trou toegelaat het.

Dit is baie duidelik dat hierdie ooreenkomste McCorkindale uit 'n groot dilemma gered het, maar dien dan tegelyk ook as 'n voorbeeld van sy gebrek aan goeie trou teenoor die regering. McCorkindale wou die omvattende voordele wat aan 'n groot maatskappy toegestaan is, oordra na 'n kleiner maatskappy en die voordele op die wyse beveilig. Hy wou dit doen omdat hy goed geweet het dat die groot maatskappy nie bestaan het nie en nooit gestig sou word nie, maar daarvan het die regering nie geweet nie. Met die ondertekening van die „Acte van Waarborg en Overeenkomst" was president Pretorius onder die indruk dat die maatskappy waarvan daar in 1864 sprake was, al gestig is. Hierdie aanvaarding moet aan 'n ongelooflike naïwiteit van die President toegeskryf word, maar tog was dit so en McCorkindale het niks gedoen om hom reg te help nie.

Van dieselfde geleentheid het McCorkindale gebruik gemaak om, uit sy oogpunt gesien, 'n paar gebreke van die 1864-ooreenkoms, in die nuwe ooreenkoms reg te stel. In die 1864-ooreenkoms word uitdruklik vermeld dat die grond van die te stigte maatskappy beskikbaar gestel word vir die kweek van vesels soos vlas en katoen en van tropiese produkte soos koffie en suiker. Twee jaar later moes McCorkindale oortuig gewees het dat die grond in Nieuw Schotland nie geskik was vir die aanplant van dergelike gewasse nie en daarom word in die nuwe ooreenkoms uitdruklik bepaal: „Dat de hoofd oogmerk van deze Maatschappy zynde Schapenboerdery en veeteelt". 'n Tweede opvallende verskil tussen die twee dokumente is dat in 1864 daar geen sprake was dat die mineraleregte ook aan die maatskappy afgestaan word nie. In 1866 word uitdruklik bepaal dat die 80 plase aan die nuwe maatskappy oorgedra word „met alle de mynen, mineralen, hout en water daarin". Die enigste verklaring waarom McCorkindale hierdie verandering in die nuwe ooreenkoms aangebring het, was om daarmee 'n addisionele aantreklikheid aan die grond te verleen met die oog op die verkoop daarvan in Brittanje. McCorkindale was klaarblyklik nog optimisties dat hy die 120 oorblywende plase op 'n latere geleentheid in Brittanje van die hand sou kon sit!

Nog een saak bly oor om van melding te maak in soverre dit McCorkindale se bedrywighede tot die einde van 1866 geld. In sy brief van 1 Augustus 1866 waarin hy aan die staatspresident rekenskap gee van sy bedrywighede in Brittanje, verklaar hy o.a. „I may add that I have made full arrangements to negotiate a Bond for our Republic to the amount from Ten to Fifty Thousand Pounds Sterling on conditions that I will inform you of personally." Op McCorkindale se flagrante wanvoorstelling in hierdie verband, is reeds die aandag gevestig. Wat sy oogmerk hier-

48. H. R. van der Walt, a.w., p. 72.

mee was en wat hy later mondeling aan Pretorius meegedeel het, weet 'n mens nie, maar as dit sy bedoeling was, het hy daarin geslaag om die President te beïndruk en by hom die oortuiging te wek dat die aangaan van 'n lening in die buiteland net 'n blote formaliteit was. Op sterkte hiervan het die President die Volksraad in sy openingsrede van 10 September 1866 in sy vertroue geneem en die lede meegedeel dat hy McCorkindale opgedra het om in Europa 'n lening vir die Republiek te probeer sluit met regeringsgrond as sekuriteit. Hy stel dit kategories aan die Volksraad dat McCorkindale „heeft my gerapporteerd dat eenig kapitaal verkrygbaar is tegen 6½ per cent voor den tyd van 20 jaren of langer." Die President stel nie voor nie, maar suggereer baie sterk dat van die geleentheid gebruik gemaak moet word om 'n lening deur die tussenkoms van McCorkindale in die buiteland aan te gaan. Die voordele daarvan is groot want „indien zulks geschiedt zal het verder uitgeven van papieren geld geheel onnodig worden en de Republiek zou tot groot voordeel van alle ingezetenen een nieu crediet bekomen." Die handel sou tot 'n opbloei kom en 'n ongekende welvaart sal oor die hele land versprei.[49]

Toe die kwessie van 'n lening deur die kommissie oorweeg is wat kommentaar moes lewer op die President se openingstoespraak, is dit verbind aan 'n ander voorstel wat McCorkindale in 1866 gemaak het. McCorkindale het hom naamlik bereid verklaar om onder bepaalde voorwaardes 'n bank in die Republiek op te rig en in art. 1 van die konsep-oktrooi van die voorgestelde bank, word dit in vooruitsig gestel dat na sy stigting, deur die bank 'n bedrag van £25,000 aan die staat geleen sal word.[50] Toe die kommissie die twee sake met mekaar in verband gebring het, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat as daar eers 'n bank in die Republiek opgerig is, dit nie meer nodig sou wees om 'n buitelandse lening aan te gaan nie. Daarom het die kommissie vir oorweging aan die Volksraad voorgestel dat slegs indien die bankvoorstel vir die Raad onaanneemlik is, met die suggestie van 'n buitelandse lening voortgegaan word.[51]

Uit die bespreking in die Volksraad het dit dadelik geblyk dat daar groot belangstelling vir die oprigting van 'n bank bestaan het. Ten spyte van hulle geesdrif, het die lede die saak nogtans baie nugter en versigtig hanteer. Die voorgestelde oktrooi is artikelgewys behandel, McCorkindale is na die vergadering ontbied om elke artikel noukeurig toe te lig en eers daarna is die voorstel aanvaar en die President gemagtig om die oktrooi namens die regering te onderteken. Toe hierdie besluit geneem is, het die Volksraad blykbaar aanvaar dat die bank kant en klaar opgerig was en is eenparig verder nog besluit „de Regering te magtigen eene somma,

49. *Staats Courant,* 11 September 1866: Aanspraak van die Staatspresident, 10 September 1866, art. 14.

50. Boedelstukke 1252(o) V: Voorgestelde oktrooi vir die Bank van die Suid-Afrikaanse Republiek. Gepubliseer in *Notule van die Volksraad van die Z.A.R.*, Deel VI, p. 261.

51. E.V.R. 109, pp. 348-387: Notule van Kommissie, d.d. 1 Oktober 1866, art. 28.

niet te bovengaande £25,000 sterling, van de ,Bank der Z.A. Republiek' op tenemen als vermelt in de Bank Acte."[52]

Deur dié besluit het die Volksraad die aangaan van 'n lening dus onderhewig gemaak aan die oprigting van 'n bank. Daaroor was hulle egter nie bekommerd nie — Alexander McCorkindale sou daarvoor sorg! Op hierdie stadium was die naam van McCorkindale inderdaad 'n soort towerwoord. Die President was onder sy invloed en ook in die Volksraad was daar blykbaar niemand wat bereid was om te glo dat hy ook maar net 'n feilbare mens was nie. Teen die einde van 1866 was McCorkindale op die toppunt van sy mag en invloed in die Republiek. Hierna sou 'n wending intree, maar nie skielik nie. Sy selfvertroue het meegebring dat hy al hoër gemik het en met steeds ambisieuser skemas voor die dag gekom het. Een daarvan was die Bank-akte — 'n saak wat buite sy mag en bevoegdheid gelê het en uiteindelik sou meewerk om hom af te takel.

Prof. A. N. Pelzer.

52. V.R.B., 3 en 5 Oktober 1866, artt. 299-303 en art. 335.